**Notice of intension to terminate the service agreement**

16. The municipality and consumer must give written notice of intension to terminate the service agreement.

**Kostes aangegaan om debiteure aan te maan oor agterstallige gelde**

9. Kostes kan teen die rekening van 'n debiteur teen 'n koers wat die raad van tyd tot tyd bepaal, ten opsigte van enige handeling verrig om betaling van 'n debiteur te eis, of om die debiteur, by wyse van telefoon, faks, e-pos, brief of andersins aan te maan dat sy of haar betalings agterstallig is, gehef word.

**Afsluitings- en aansluitingsfooie**

10. (1) Indien enige diens op die afsluitingslys verskyn omdat dit afgesluit moet word weens nie-voldoening aan die bepalings van hierdie verordening deur die persoon wat aanspreeklik is vir die betalings, kan die hoof finansiële beampte die standaard afsluitingsfooi soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, hef en verhaal ongeag die feit dat die diens afgesluit beëindig is of nie.
- (2) Indien enige diens op die heraansluitingslys verskyn omdat die diens heraangesluit moet word nadat die persoon wie verantwoordelik is vir die betaling van die diens die volle agterstallige rekening betaal het of 'n bevredigende reëling ten opsigte van die betaling van die rekening gemaak het, of vir 'n nuwe diens aansoek gedoen het, moet die hoof finansiële beampte die standaard aansluitingsfooi soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, hef en verhaal.

**Rekeninge**

11. Die hoof finansiële beampte kan ten opsigte van rekeninge van die munisipaliteit enige stappe soos in artikel 102(1) van die Wet beoog, neem.

**DIENSTEOOREENKOMSTE EN ALGEMENE BEDINGE EN VOORWAARDES VIR DIE VOORSIENING VAN MUNISIPALE DIENSTE**

**Lewering van dienste aan nuwe gebruikers**

12. Geen dienste word aan nuwe aansoekers verskaf nie, tensy en alvorens aansoek daarvoor gedoen is en 'n dienste-ooreenkoms tussen die applikant en die munisipaliteit gesluit is, en 'n bedrag in kontant, wat gelyk is aan die bedrag wat die Raad van tyd tot tyd vasstel, as sekuriteit gedeponeer of gelewer is.

**Lewering van dienste aan wanbetalers**

13. Geen dienste word aan vorige wanbetalers verskaf nie, tensy en alvorens aansoek daarvoor gedoen is en 'n dienste-ooreenkoms tussen die applikant en die munisipaliteit gesluit is, en 'n bedrag in kontant, wat gelyk is aan die bedrag wat die Raad van tyd tot tyd vasstel, as sekuriteit gedeponeer of gelewer is. Indien gelde nog uitstaande is met betrekking tot vorige ooreenkoms, moet die applikant sodanige gelde ten volle vereffen of 'n aanvaarbare afbetalingsooreenkoms aangegaan het alvorens verdere dienste gelewer kan word.

**Algemene bedinge en voorwaardes vir die voorsiening van munisipale dienste**

14. Die algemene bedinge en voorwaardes vir die voorsiening van munisipale dienste soos uiteengesit in die Raad se beleidsdokument, is van toepassing op die voorsiening van munisipale dienste aan gebruikers.

**Nuwe aansoeke en deposito's deur bestaande gebruikers**

15. Bestaande munisipale gebruikers kan deur die munisipale bestuurder versoek word om nuwe dienste-ooreenkoms aan te gaan en om die gelde bedoel in artikels 12 en 13 te deponeer of waarborg in te dien.

**Kennisgewing van voorneme om dienste-ooreenkoms op te skort**

16. Die munisipaliteit en gebruiker moet skriftelik kennis gee van voorneme om 'n dienste-ooreenkoms te beëindig.

**Failure to comply with a request to enter into a service agreement or to make a deposit**

17. (1) If a consumer of municipal services fails or refuses to comply with a request to enter into a new service agreement or to make a deposit as contemplated in sections 13 and 14, any municipal service to such consumer may be terminated until the required agreement has been entered into and the deposit paid in full.
- (2) The consumer will also be liable for services already used, cost incurred and any other further cost resulting from the collection from service fees and cost incurred.

**Power to restrict or terminate supply of services**

18. (1) An authorised officer or any duly appointed agent may, on request by the Municipal Manager or his/her delegate, restrict, disconnect or terminate the supply of water and electricity or discontinue any other service to any premises whenever a user of any service:
- (a) fails to make full payment on the final date of payment or fails to make acceptable arrangements for the repayment in instalments of the municipal account;
- (i) fails to comply with the conditions of the provision of services, as imposed by the Municipality;
- (ii) obstructs the effective supply of electricity, water or any other municipal service to another customer or allows such supply to be obstructed;
- (b) supplies such municipal service to a customer who is not entitled thereto or permits such service to continue;
- (c) causes a situation, which in the opinion of the municipal engineer, is dangerous or constitutes a contravention of any relevant legislation;
- (d) in any way bridges the supply of previously disconnected services or allows such supply to be bridged;
- (e) is placed under provisional sequestration, liquidation or judicial management, or has been declared insolvent in terms of the Insolvency Act, 1936 (No. 24 of 1936);
- (f) is subject to an administration order granted in terms of section 74 of the Magistrates Court Act, 1944 (Act 32 of 1944) in respect of such user.
- (2) An authorised officer or any duly appointed agent shall have the power to reconnect or restore full levels of supply of any of the restricted or discontinued services on the instruction of the chief financial officer after the full amount outstanding, including the costs of such disconnection and reconnection, if any, have been paid in full or arrangements have been made in terms of the Municipality's Customer Care, Credit Control and Debt Collection Policy.
- (3) The authority of an authorised officer or any duly appointed agent to restrict water to any premises or customer shall be subject to the provisions of section 4 of the Water Services Act, 1997 (Act 108 of 1997), this bylaw and the service agreement entered into between the consumer and the municipality.
- (4) The right of the Municipality to discontinue the provision of electricity to any consumer shall be subject to the provisions of the Electricity Act, 1987 (Act No. 41 of 1987), this bylaw and the service agreement entered into between the consumer and the municipality.

**Versuim om te voldoen aan versoek om dienste-ooreenkoms aan te gaan of om 'n deposito te stort**

17. (1) Indien 'n gebruiker van munisipale dienste nalaat of weier om te voldoen aan 'n versoek om 'n nuwe dienste-ooreenkoms aan te gaan, of om 'n deposito bedoel in subartikels 12 of 13 te stort, kan enige munisipale diens aan sodanige gebruiker beëindig word totdat die vereiste ooreenkoms gesluit is en die volle bedrag van die deposito betaal is.
- (2) Die gebruiker sal ook aanspreeklik gehou word vir dienste reeds gebruik, kostes reeds aangegaan en enige verdere kostes voortspruitend uit die invordering van diensgelde en kostes aangegaan.

**Bevoegdheid om die voorsiening van dienste te beperk of te staak**

18. (1) 'n Gemagtigde beampte of enige wettig aangestelde agent moet, indien versoek deur die munisipale bestuurder of sy/haar gedelegeerde, die voorsiening van water en elektrisiteit beperk, afsny of staak, of enige ander dienste aan enige perseel staak indien 'n gebruiker van enige diens:
- (a) nalaat om die verskuldigde bedrag ten volle te betaal op die laaste datum vir betaling, of nalaat om aanvaarbare reëlings te tref vir die afbetaling van die munisipale rekening;
- (b) nalaat om te voldoen aan die voorwaardes vir die voorsiening van dienste soos bepaal deur die munisipaliteit;
- (c) die effektiewe voorsiening van water, elektrisiteit, of enige ander munisipale diens aan 'n ander gebruiker belemmer of toelaat dat dit belemmer word;
- (d) sodanige munisipale dienste aan 'n ander gebruiker voorsien wat nie daartoe geregtig is nie en wat toelaat dat die dienste voortgaan;
- (e) 'n situasie bewerkstellig, wat na die mening van die munisipale ingenieur gevaarlik is, of 'n oortreding van enige betrokke wetgewing is;
- (f) op enige wyse die voorsiening van 'n voorheen afgesluite diens, brug of toelaat dat dit gebrug word;
- (g) onder voorlopige sekwestrasie geplaas is, gelikwider is of onder geregtelike bestuur geplaas is of wat insolvent verklaar is ingevolge die Insolvensiewet, 1936 (Wet 24 van 1936);
- (h) onderworpe is aan 'n administrasiebevel wat verleen is ingevolge artikel 74 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944), ten opsigte van sodanige gebruiker.
- (2) 'n Gemagtigde beampte of enige wettig aangestelde agent het die bevoegdheid om dienste her aan te sluit of volle diensvlakke te herstel, in opdrag van die hoof finansiële beampte, indien die lewering van sodanige dienste opgeskort of beperk is, sodra die volle bedrag uitstaande, insluitende die koste van sodanige afsluiting en heraansluiting, indien enige, ten volle betaal is of reëlings getref is ingevolge die munisipaliteit se klantesorg-, kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid vir die afbetaling daarvan.
- (3) Die bevoegdheid van 'n gemagtigde beampte of enige wettige agent om die toevoer van water te beperk tot enige perseel of gebruiker, is onderworpe aan die vereistes van artikel 4 van die Waterdienste Wet, 1997 (Wet 108 van 1997), die verordeninge en diensooreenkoms wat tussen die gebruiker en munisipaliteit gesluit is.
- (4) Die bevoegdheid van die munisipaliteit om die voorsiening van elektrisiteit aan enige gebruiker te staak, is onderworpe aan die bepalinge van die Elektrisiteitswet, 1987 (Wet 41 van 1987), 1997 (Wet 108 van 1997), die verordeninge en diensooreenkoms wat tussen die gebruiker en munisipaliteit gesluit is.



- (5) The right of the Municipality to restrict, disconnect or terminate any services due to non-payment for any other service or assessment rates shall be valid in respect of any service rendered by the Municipality, and shall also prevail notwithstanding the fact that payment has purportedly been made in respect of any specific service, notwithstanding the fact that the person who entered into agreement for supply of services with the Municipality and the owner are different entities or persons, as the case may be.

#### **Municipality's right of access to premises**

19. The Municipality may exercise its right of access to premises in terms of Section 101 of the Act through its authorised officer or agent of the Municipality authorised thereto in writing by any of the aforementioned officials after the written authority has been presented to the consumer or owner.

#### **Arrangements to pay outstanding and due amounts in consecutive instalments**

20. (1) The chief financial officer may enter into a written agreement with a consumer to repay any outstanding and due amounts under the following conditions:
- the outstanding balance, collection costs and any interest shall be paid in regular and consecutive monthly instalments on or before the final date of payment;
  - the written agreement has to be approved and signed by both the consumer and an authorised officer on behalf of the Municipality.
- (2) Should any dispute arise as to the amount owing by an owner or consumer in respect of municipal services, the owner or consumer shall, notwithstanding such dispute, proceed to make regular minimum payments based on the calculation of the average municipal account of the owner/consumer for the preceding three months or the similar usage in the same period in the preceding year prior to the arising of the dispute, taking into account interest and collection costs as well as the annual amendments of tariffs of the Municipality.

#### **Reconnection of services**

21. The chief financial officer or his/her proxy shall authorise any reconnection of services or reinstatement of service delivery after satisfactory arrangements for payment of amounts in arrear have been made according to the Municipality's Customer Care, Credit Control and Debt Collection Policy.

### **SUPPORT OF THE POOR**

#### **Indigent consumers**

22. (1) Indigent consumers who qualify for support in terms of the Municipality's Indigent Policy on shall apply in writing by completing, signing and submitting of the prescribed form.
- (2) The Conditions of subsidies to poor households, as determined by Council from time to time shall be attached to the application for subsidies for poor households, and shall apply to all households that qualify for such subsidy.
- (3) An authorised municipal official or any legally pointed agent shall counter-sign the application and attest that the consequences of the declaration made by the applicant were properly explained to him/her and that he/she indicated that—

- (5) Die bevoegdheid van die munisipaliteit om enige dienste te beperk, af te sluit of te staak weens die nie-betaling van enige ander diens of belastingaanslag, sal geldig wees vir enige diens wat deur die munisipaliteit gelewer word, en geld ook niestandaard die feit dat enige beweerde betaling gemaak is ten opsigte van 'n spesifieke diens, niestandaard die feit dat die persoon wat die diens ooreenkoms met die munisipaliteit gesluit het en die eienaar, verskillende entiteite of persone mag wees na gelang van die geval.

#### **Munisipaliteit se reg van toegang tot persele**

19. Die munisipaliteit mag sy reg van toegang tot persele, deur 'n gemagtigde beampte of 'n behoorlik aangestelde agent van die munisipaliteit ingevolge artikel 101 van die Wet, uitoefen nadat die skriftelike magtiging aan die gebruiker of eienaar getoon is.

#### **Reëlings om uitstaande en verskuldigde bedrae in opeenvolgende paaieimente te betaal**

20. (1) Die hoof finansiële beampte mag 'n geskrewe ooreenkoms met 'n gebruiker aangaan om terugbetaling van enige uitstaande en betaalbare bedrae te reël ingevolge die volgende voorwaardes:
- die uitstaande balans, invorderingskoste en enige rente, is betaalbaar in gereelde en agtereenvolgende maandelikse paaieimente vòòr of op laaste datum vir betaling;
  - die geskrewe ooreenkoms moet goedgekeur en geteken wees deur beide die gebruiker en 'n gemagtigde beampte ten behoeve van die munisipaliteit; en
  - indien 'n gebruiker nalaat om die afbetaling voorwaardes na te kom mag die munisipaliteit enige ander stappe neem wat nodig is om die uitstaande balans, invorderingskoste en rente te vorder.
- (2) Indien enige dispuut ontstaan ten aansien van die bedrag verskuldig deur 'n eienaar of gebruiker ten opsigte van munisipale dienste, moet die eienaar of gebruiker, niestandaard die dispuut, voortgaan om gereelde minimum betalings te maak wat gebaseer sal wees op die gemiddelde munisipale rekening van die eienaar/gebruiker vir die voorafgaande drie maande of die ooreenstemmende verbruik van dieselfde tydperk gedurende die voorafgaande jaar voor die dispuut ontstaan het, met inagnome van rente en invorderingskoste, asook die jaarlikse wysigings van tariewe van die munisipaliteit.

#### **Heraansluiting van dienste**

21. Die hoof finansiële beampte of sy/haar gevolgmagtigde, moet enige her aansluiting van dienste of die herinstallering van lewering van dienste magtig nadat bevredigende reëlins vir die betaling van agterstallige gelde ingevolge die munisipaliteit se klantediens-, kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid gemaak is.

### **ONDERSTEUNING VAN BEHOEFTIGES**

#### **Behoeftige gebruikers**

22. (1) 'n Behoeftige gebruiker wie kwalifiseer vir ondersteuning ingevolge die munisipaliteit se beleid ten opsigte van deernis-ondersteuning, moet skriftelik aansoek doen deur die voltooiing, ondertekening en indiening van die voorgeskrewe vorm.
- (2) Die voorwaardes vir subsidies aan behoeftige huishoudings, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, moet geheg word aan die aansoek om subsidies vir behoeftige huishoudings en sal van toepassing wees op alle huishoudings wat kwalifiseer vir sodanige subsidie.
- (3) 'n Gemagtigde munisipale amptenaar of enige wettige aangestelde agent moet die betrokke aansoek mede-onderteken en verklaar dat die implikasies van die verklaring wat deur die aansoeker gemaak is, behoorlik aan hom of haar verduidelik is en dat hy of sy aangetoon het dat:

- (a) the contents of the declaration was understood; and
- (b) that if the statement were found to be untrue, he/she would automatically be disqualified from receiving any subsidy and would also be liable for the immediate repayment of any subsidy received and may have criminal proceedings instituted against him/her.

- (4) The chief financial officer shall ensure that regular random *on site* audits are carried out by authorised municipal officials or any duly appointed agents to verify the information supplied by applicants on application forms, by visiting the properties occupied by the households receiving support for the poor and by gathering the relevant information by completing the prescribed form.

#### ASSESSMENT RATES AND ANNUAL SERVICE LEVIES

##### Amount due in respect of assessment rates and annual service levies

23. (1) All assessment rates and annual service levies due by property owners are payable on the final date of payment.
- (2) Joint owners of property shall be jointly and severally liable for payment of assessment rates and annual service levies.
- (3) Property rates must be paid monthly over a maximum period of twelve months at no interest cost.

##### Claim on rental for payment of assessment rates and annual service levies in arrears

24. The Municipal Manager or his/her proxy may apply to Court for the attachment of any rent, that is or may become due in respect of rateable property, to cover in part or in full any amount outstanding in respect of assessment rates and annual service levies for a period longer than three months after the fixed date.

##### Liability of company directors for payment of assessment rates and annual service levies

25. Where a company, trust, close corporation or a body corporate in terms of the Sectional Titles Act, 1986 (Act 95 of 1986) is responsible for the payment of any arrears to the Municipality, the liability for the payment of such amounts shall be extended to the directors, trustees or members of the body corporate jointly and/or severally, as the case may be.

##### Disposal of Municipality's property and payment of assessment rates and annual service levies

26. (1) The purchaser of Municipal property is *pro rata* liable for the payment of assessment rates and annual service levies on the property as from the date of the signing of the purchase agreement or from the date of registration in the name of the purchaser in respect of the financial year in which the purchaser becomes the new owner, in terms of the provision of the purchase agreement.
- (2) In the event that the Municipality repossesses the property, any outstanding in respect of assessment rates shall be recovered from the purchaser.

##### Assessment rates and annual service levies payable on municipal property

27. (1) The lessee of municipal property is responsible for payment of any general assessment rates and annual service levies payable on the property for the duration of the lease, as if the lessee were the owner of such property.

- (a) hy of sy die inhoud van die verklaring verstaan; en

- (b) dat, indien daar gevind word dat die verklaring onwaar is, hy of sy outomaties gediskwalifiseer sal word vir ontvangs van die subsidies en dat hy of sy verantwoordelik sal wees vir die onmiddellike terugbetaling van enige subsidies wat ontvang is en dat strafregtelike vervolgings teen hom of haar ingestel kan word.

- (4) Die hoof finansiële beampte moet toesien dat daar gereelde *in situ* steekproef oudits uitgevoer word deur gemagtigde munisipale amptenare of behoorlik aangestelde agente om die inligting wat deur die aansoekers op die aansoekvorms verstrek is, te verifieer deur die eiendom wat geokkupeer word deur die huishoudings wat behoeftige ondersteuning ontvang, te besoek, en die relevante inligting in te win deur die voorgeskrewe vorm te voltooi.

#### EIENDOMSBELASTING EN JAARLIKSE DIENSTEHEFFINGS

##### Bedrag verskuldig ten opsigte van eiendomsbelasting en jaarlikse diensteheffings

23. (1) Alle eiendomsbelasting en jaarlikse diensteheffings wat deur eienaars van eiendom verskuldig is, is betaalbaar op die laaste datum vir betaling.
- (2) Mede-eienaars van eiendom is afsonderlik en gesamentlik verantwoordelik vir die betaling van eiendomsbelasting en jaarlikse diensteheffings.
- (3) Betaling van eiendomsbelasting mag nie op grond van beswaar teen die waardasie later as die laaste datum vir betaling uitgestel word nie.

##### Eis teen huurgeld vir die vereffening van agterstallige belasting en jaarlikse dienstegeelde

24. Die munisipale bestuurder of sy/haar gevolmagtigde, kan by wyse van 'n hofbevel aansoek doen vir die beslaglegging van enige huurgeld wat ten opsigte van belastbare eiendom verskuldig is, of kan word, ten einde enige eiendomsbelasting en jaarlikse dienstegeelde wat vir 'n langer tydperk as drie maande na die laaste datum vir betaling uitstaande is, gedeeltelik of in die geheel te vergoed.

##### Aanspreeklikheid van maatskappydirekteure vir die betaling van eiendomsbelasting en jaarlikse dienstegeelde

25. Waar 'n maatskappy, trust, beslote korporasie of 'n bestuursliggaam ingevolge die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet 95 van 1986), verantwoordelik is vir die betaling van enige agterstallige bedrae aan die munisipaliteit, berus die verantwoordelikheid vir die betaling van sodanige bedrae gesamentlik en/of afsonderlik op die direkteure, trustees of lede van die bestuursliggaam, na gelang van die geval.

##### Vervreemding van munisipale eiendom en die betaling van eiendomsbelasting en jaarlikse dienstegeelde

26. (1) Die koper van enige munisipale eiendom is *pro rata* aanspreeklik vir die betaling van eiendomsbelasting en jaarlikse dienstegeelde op die eiendom vanaf die datum van ondertekening van koopoooreenkoms, of op datum van registrasie in die naam van die koper ten opsigte van die finansiële jaar waarin die koper die nuwe eenaar word, ooreenkomstig die bepalinge van die koopoooreenkoms.
- (2) In die geval waar die munisipaliteit die eiendom terugneem, word enige uitstaande bedrag ten opsigte van eiendomsbelasting wat verskuldig is, van die koper verhaal.

##### Eiendomsbelasting en jaarlikse dienstegeelde betaalbaar op munisipale eiendom

27. (1) Die huurder van munisipale eiendom is verantwoordelik vir die betaling van enige algemene eiendomsbelasting en jaarlikse dienstegeelde wat betaalbaar is ten opsigte van die eiendom vir die duur van die huurooreenkoms, asof die huurder die eenaar van sodanige eiendom is.

- (2) Council may suspend the condition contain in 27(1) in certain cases.
- (3) The chief financial officer shall have the power to include the assessment rates and annual service levies in respect of municipal property in the rent payable by the lessee, instead of billing it separately as in the case of owners of properties.

#### PROVISION IN RESPECT OF THE PAYMENT OF ACCOUNTS

##### FEES

28. (1) Tariffs are determined by the Council in terms of section 75(a) of the Local Government: Municipal Systems Act, Act 32 of 2000, or any other valid legislation in this regard.
- (2) The fees as determined by the Council are due and payable by the customer to whom a service is provided or, should he or she default on payment, by the owner of the fixed property.
- (3) Where fixed property, or a section thereof which is occupied separately, is separately serviced, the minimum fees as determined by the Council shall be payable by the occupier or, should he or she default on payment, by the owner in respect of such fixed property or section thereof that is occupied separately.

##### PAYMENT OF ACCOUNTS

29. (1) The amount payable to the Council in respect of rates and/or services rendered, shall be payable on or before 15:00 on the last date of payment, failing which interest and collection costs shall be levied on such monies.
- (2) Payment, excluding payments made at Council's offices, such as bank deposits and electronic transfers directly deposited into the Council's bank account, shall be deemed to have been received before 15:00 if the transaction is reflected on the Council's bank account on the last date of payment.
- (3) Payments received by agents appointed to receive payments on behalf of the Council, shall be deemed to have been received before 15:00 on the last date of payment if such transactions are received by the Council from the relevant agent on the morning following the last date of payment.
- (4) The fact that an account does not reach a consumer, shall not exempt him/her from making a payment on or before the last date of payment.
- (5) If the correctness of an account is queried the consumer must pay the average consumption over the last three months until the dispute has been examined and settled.
- (6) If an account is not settled on the last date of payment, the provisions of Section 19 shall apply.

##### DIFFERENTIATION

###### Power to differentiate between different categories of rate payers

30. The municipality may differentiate between different categories of ratepayers, users of services, customers, debtors, taxes, services, service standards and other matters.

###### Conditions for differentiation

31. Any such differentiation intended in section 29 shall be upon such conditions as the Council may deem fit to impose, if it is of the opinion that the application or operation of that provision in that instance would be unreasonable.

- (2) Die Raad mag die voorwaarde vervat in artikel 27(1) in bepaalde gevalle opskort.

- (3) Die hoof finansiële beamppte is bevoeg om die eiendomsbelasting en jaarlikse dienstegelde ten opsigte van munisipale eiendom in te sluit in die huurgeld wat betaalbaar is deur die huurder, in plaas daarvan om dit afsonderlik soos in die geval van eienaars van eiendomme, te verreken.

#### BEPALINGS BETREFFENDE DIE BETALING VAN REKENINGE

##### GELDE

28. (1) Tariewe word deur die raad vasgestel ingevolge artikel 75(a) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, of enige ander geldende Wetgewing in hierdie verband.
- (2) Die gelde soos vasgestel deur die raad is verskuldig en betaalbaar deur die gebruiker wat van 'n diens voorsien word, of as hy in gebreke bly, deur die eenaar van die onroerende eiendom.
- (3) Waar onroerende goed, of 'n gedeelte daarvan, wat afsonderlik geokkupeer word, afsonderlik van 'n diens voorsien word, is die minimum gelde soos deur die raad vasgestel deur die okkupeerder of, as hy/sy in gebreke bly, deur die eenaar betaalbaar ten opsigte van sodanige onroerende eiendom of gedeelte daarvan wat afsonderlik geokkupeer word.

##### BETALING VAN REKENINGE

29. (1) Die bedrag verskuldig aan die raad ten opsigte van eiendomsbelasting en/of dienste wat gelewer is, is betaalbaar vòòr of op 15:00 op die laaste datum vir betaling, by gebreke waarvan sodanige gelde onderworpe is aan die heffing van rente en invorderingskoste.
- (2) Betalings, anders as betalings wat by die raad se kantore gemaak is, soos bankdeposito's en elektroniese oorplasinge direk in die raad se bankrekening gedeponeer, word ge-ag ontvang te gewees het vòòr 15:00 indien die transaksie op die laaste datum vir betaling, op die raad se bankrekening verskyn.
- (3) Ontvangste van betalings deur aangestelde agente om betalings namens die raad te ontvang, word ge-ag ontvang te gewees het vòòr 15:00 op die laaste datum vir betaling indien sodanige transaksies vanaf die betrokke agent deur die raad ontvang word op die oggend wat volg op die laaste datum vir betaling.
- (4) Die feit dat 'n rekening 'n gebruiker nie bereik nie, stel hom/haar nie daarvan vry om betaling vòòr of op die laaste datum vir betaling te maak nie.
- (5) Indien die juistheid van 'n rekening betwis word, moet die gebruiker die gemiddelde gebruik oor die laaste drie maande betaal, totdat die dispuut ondersoek en beregtig is.
- (6) Indien 'n rekening nie vereffen is op die laaste datum vir betaling nie, is die bepalings van Artikel 19 van toepassing.

##### ONDERSKEID

###### Bevoegdheid om te onderskei tussen verskillende kategorieë van belastingbetalers

30. Die munisipaliteit het die bevoegdheid om te onderskei tussen verskillende kategorieë van belastingbetalers, gebruikers van dienste, gebruikers, debiteure, belastinge, dienste, dienste-standaarde en ander sake.

###### Voorwaardes vir onderskeid

31. Enige onderskeid bedoel in artikel 29 vind plaas op sodanige voorwaardes as wat die Raad mag besluit indien die Raad van mening is dat die toepassing of uitvoering van 'n spesifieke verlening in 'n bepaalde geval onredelik mag wees.

**MIXED PROVISIONS****Reporting of defaulters**

32. The Municipal Manager or his proxy may in his or her discretion report any debtors who owes the Municipality monies to bodies, such as credit bureaus, that collate and keep such information. The information be included in such a report shall be the available personal information on the defaulter, or in the event of a legal person, the available statutory details, including information pertaining to the responsible officer of such legal person.

**Repeal of by-laws**

33. The provisions of any by-law of the Municipality relating to the control of credit and debt collection, are hereby repealed insofar as they deal with matters that are regulated in these by-laws and those provisions are in conflict with any provision contained in these by-laws.

**Offences**

34. (1) Any person who—
- fails to give access required by an authorised officer or duly appointed agent in terms of this by-law;
  - obstructs or hinders an authorised officer or duly appointed agent in the exercising of his/her powers, functions or duties under this by-law;
  - illegally uses or interferes with municipal equipment or wastes the services supplied;
  - tampers or breaks any seal on a meter or on any equipment belonging to the Municipality or in any way causes a meter not to properly register the services used or allows such tampering, breakage or action that causes a meter not to register properly;
  - fails or refuses to give an authorised officer or duly appointed agent of the Municipality such information as may reasonably be required for the purpose of exercising the powers or functions under these by-laws or gives such an officer or agent false or misleading information, knowing it to be false or misleading;
  - contravenes or fails to comply with a provision of this by-law;
  - fails to comply with the terms of a notice served upon him/her in terms of the provisions of these by-laws;
- (2) Shall be guilty of an offence and liable upon conviction for community service for a period not exceeding six months or a fine not exceeding R20 000 or a combination of the aforementioned.
- (3) Any person convicted for contravening subsection (1)(d), shall be charged for usage of the service concerned, estimated by the chief financial officer based on the estimated average usage of such service, to be determined as stated in section 21(b), as well as for the cost of the repair or replacement of the service.

**Conflicting laws**

35. (1) This by-law recall by-law LA 12686 promulgated on 22 June 2003.
- (2) When interpreting a provision of these by-laws, any reasonable interpretation which is consistent with the purposes of

**GEMENGDE BEPALINGS****Rapportering van wanbetalers**

32. Die munisipale bestuurder, of sy/haar gevolgmagtigde, kan in sy diskresie enige debiteur wat geld aan die munisipaliteit verskuldig is aan liggame soos kredietburo's wie se funksie dit is om sodanige inligting in te samel en te hou, rapporteer, en die inligting wat in sodanige rapport vervat word, moet die beskikbare persoonlike inligting oor die wanbetaler, of in die geval van 'n regs persoon, die beskikbare statutêre besonderhede insluitende inligting met betrekking tot die verantwoordelike amptenaar van sodanige regs persoon, insluit.

**Herroeping van verordeninge**

33. Die bepalings in enige verordening van die munisipaliteit wat verband hou met kredietbeheer en skuldinvordering, word hierby herroep in soverre dit met aangeleenthede handel wat in hierdie verordeninge gereël word en daardie bepalings onbestaanbaar is met enige bepalings van hierdie verordeninge.

**Oortredings**

34. (1) Iemand wat:
- versuim om toegang tot 'n perseel op versoek van 'n gemagtigde beampte of behoorlik aangestelde agent in terme van hierdie verordening te verleen;
  - 'n gemagtigde beampte van die munisipaliteit of 'n behoorlik aangestelde agent, belemmer of verhoed om sy bevoegdhede, funksies of pligte onder hierdie verordening uit te voer of te verrig;
  - onwettige gebruikmaking van of peuter met munisipale toerusting of verkwing van dienste wat verskaf is;
  - iemand wat peuter met enige seël van 'n meter of enige toerusting wat aan die munisipaliteit behoort, of dit breek, of op enige wyse veroorsaak dat 'n meter nie behoorlik die dienste wat gebruik word registreer nie of toelaat dat daar gepeuter, gebreek of veroorsaak dat 'n meter nie behoorlik registreer nie;
  - weier of nalaat om 'n gemagtigde beampte of behoorlik aangestelde agent van die munisipaliteit sodanige inligting te voorsien as wat redelik benodig word vir die doeleindes van die uitoefening van bevoegdhede of funksies ingevolge hierdie verordenings, of wat valse inligting aan sodanige beampte of agent voorsien, wetende dat die inligting vals of misleidend is;
  - 'n bepaling van hierdie verordeninge oortree of versuim om daaraan te voldoen;
  - versuim om aan die bepalings van 'n kennisgewing wat op hom of haar bestel is ingevolge die bepalings van hierdie verordenings, te voldoen.
- (2) Is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar vir 'n periode gemeenskapsdiens wat nie ses maande oorskry nie of 'n boete wat nie 'n bedrag van R20 000 oorskry nie, of 'n kombinasie van die voorafgaande.
- (3) Iemand wat skuldig bevind is aan die oortreding van subartikel (1)(d), sal gedebiteer word met die verbruik van die bepaalde diens, gebaseer op die geskatte gemiddelde verbruik van sodanige diens asook vir die koste vir die herstel of vervanging van die diens.

**Botsende Wetgewing**

35. (1) Hierdie verordening herroep verordening PO 12686 soos afgekondig op 20 Junie 2003.
- (2) By die interpretasie van 'n bepaling van hierdie verordening moet enige redelike interpretasie wat bestaanbaar is met die

the Act as set out in Chapter 9, on customer care, credit control and debt collection, shall be preferred over any alternative interpretation that is inconsistent with the purposes contained in the Act.

- (3) If there is any conflict between the provisions of these by-laws and any other by-laws of the Municipality, the provisions of these by-laws shall prevail.

**Short title**

36. These by-laws are called the *Customer Care and Management, Credit Control and Debt Collection By-laws: Municipality of Mossel Bay*.  
32943

oogmerke van die Wet, soos in Hoofstuk 9 wat handel oor klantesorg-, kredietbeheer en skuldinvordering uiteengesit, voorkeur geniet bo enige alternatiewe interpretasie wat nie met daardie oogmerke van die betrokke Wet bestaanbaar is nie.

- (3) In die geval van enige botsing is tussen die bepalings van hierdie verordening en enige ander verordeninge van die munisipaliteit, sal die bepalings van hierdie verordening geld.

**Kort titel**

36. Hierdie verordeninge heet die *Klantesorg, kredietbeheer en Skuldinvorderingsverordening: Mosselbaai Munisipaliteit*.  
32943

*SUID-AFRIKA EERSTE –*  
KOOP SUID-AFRIKAANS  
VERVAARDIGDE GOEDERE

*SOUTH AFRICA FIRST –*  
BUY SOUTH AFRICAN  
MANUFACTURED GOODS

## The “Provincial Gazette” of the Western Cape

appears every Friday, or if that day is a public holiday, on the last preceding working day.

---

### *Subscription Rates*

R112,25 per annum, throughout the Republic of South Africa.

R112,25 + postage per annum, Foreign Countries.

Subscriptions are payable in advance.

*Single copies* are obtainable at Room 9-06, Provincial Building, 4 Dorp Street, Cape Town 8001, at R3,00 per copy.

---

### *Advertisement Tariff*

First insertion, R15,85 per cm, double column.

Fractions of cm are reckoned as a cm.

---

Notices must reach the Director-General not later than 10:00 on the last working day but one before the issue of the *Gazette*.

Whilst every effort will be made to ensure that notices are published as submitted and on the date desired, the Administration does not accept responsibility for errors, omissions, late publications or failure to publish.

All correspondence must be addressed to the Director-General, P.O. Box 659, Cape Town 8000, and cheques, bank drafts, postal orders and money orders must be made payable to the Provincial Administration Western Cape.

## Die “Provinsiale Koerant” van die Wes-Kaap

verskyn elke Vrydag of, as die dag ’n openbare vakansiedag is, op die laaste vorige werkdag.

---

### *Tarief van Intekengelde*

R112,25 per jaar, in die Republiek van Suid-Afrika.

R112,25 + posgeld per jaar, Buiteland.

Intekengeld moet vooruitbetaal word.

*Los eksemplare* is verkrygbaar by Kamer 9-06, Provinsiale-gebou, Dorpstraat 4, Kaapstad 8001, teen R3,00 per eksemplaar.

---

### *Advertensietarief*

Eerste plasing, R15,85 per cm, dubbelkolom.

Gedeeltes van ’n cm word as een cm beskou.

---

Kennisgewings moet die Direkteur-generaal uiterlik om 10:00 op die voorlaaste werkdag voor die uitgawe van die *Koerant* bereik.

Hoewel alle pogings aangewend sal word om te sorg dat kennisgewings soos ingedien en op die verlangte datum gepubliseer word, aanvaar die Administrasie nie verantwoordelikheid vir foute, weglatings, laat publikasies of versuim om dit te publiseer nie.

Alle briefwisseling moet aan die Direkteur-generaal, Posbus 659, Kaapstad 8000, gerig word en tjeks, bankwissels, posorders en poswissels moet aan die Provinsiale Administrasie Wes-Kaap.

<b>CONTENTS—(Continued)</b>	Page	<b>INHOUD—(Vervolg)</b>	Bladsy
City of Cape Town: (Oostenberg Region): Closure.....	292	Stad Kaapstad: (Oostenberg Streek): Sluiting .....	292
City of Cape Town: (Oostenberg Region): Closure.....	292	Stad Kaapstad: (Oostenberg Streek): Sluiting .....	292
City of Cape Town: (Oostenberg Region): Alienation, rezoning and consolidation.....	293	Stad Kaapstad: (Oostenberg Streek): Vervreemding, hersonering en konsolidasie .....	293
City of Cape Town: (South Peninsula Region): Departure .....	297	Stad Kaapstad: (Suidskiereiland Streek): Afwyking .....	297
City of Cape Town: (South Peninsula Region): Departure .....	296	Stad Kaapstad: (Suidskiereiland Streek): Afwyking .....	296
City of Cape Town: (South Peninsula Region): Rezoning and consent.....	298	Stad Kaapstad: (Suidskiereiland Streek): Hersonering en toestemming .....	298
City of Cape Town: (Tygerberg Region): Rezoning, consent use and departures .....	297	Stad Kaapstad: (Tygerberg Streek): Hersonering, vergunningsgebruik en afwykings .....	297
City of Cape Town: (Tygerberg Region): Subdivision, rezoning and closure.....	298	Stad Kaapstad: (Tygerberg Streek): Onderverdeling, hersonering en sluiting .....	298
George Municipality: Subdivision and rezoning .....	299	George Munisipaliteit: Onderverdeling en hersonering .....	299
George Municipality: Rezoning .....	299	George Munisipaliteit: Hersonering.....	299
Hessequa Municipality: Rezoning and subdivision.....	300	Hessequa Munisipaliteit: Hersonering en onderverdeling.....	300
Kannaland Municipality: Subdivision .....	301	Kannaland Munisipaliteit: Onderverdeling.....	301
Kannaland Municipality: Removal of restrictions.....	300	Kannaland Munisipaliteit: Opheffing van beperkings .....	300
Knysna Municipality: Subdivision.....	301	Knysna Munisipaliteit: Onderverdeling.....	301
Mossel Bay Municipality: Rezoning and subdivision.....	302	Mosselbaai Munisipaliteit: Hersonering en onderverdeling.....	302
Mossel Bay Municipality: Rezoning .....	301	Mosselbaai Munisipaliteit: Hersonering .....	301
Mossel Bay Municipality: Rezoning and subdivision.....	303	Mosselbaai Munisipaliteit: Hersonering en onderverdeling.....	303
Mossel Bay Municipality: By-law relating to Tariffs.....	320	Mosselbaai Munisipaliteit: Tariefbeleidverordening .....	320
Mossel Bay Municipality: Customer Care, Credit Control and Debt Collection By-Laws.....	330	Mosselbaai Munisipaliteit: Klantesorg, Kredietbeheer en Skuldinvorderingsverordening .....	330
Oudtshoorn Municipality: Subdivision.....	319	Oudtshoorn Munisipaliteit: Onderverdeling .....	319
Overstrand Municipality: Rezoning and subdivision .....	303	Overstrand Munisipaliteit: Hersonering en onderverdeling .....	303
Overstrand Municipality: Subdivision.....	304	Overstrand Munisipaliteit: Onderverdeling .....	304
Saldanha Bay Municipality: Consent use .....	304	Saldanhabaai Munisipaliteit: Vergunningsgebruik.....	304
Saldanha Bay Municipality: Consent use .....	304	Saldanhabaai Munisipaliteit: Vergunningsgebruik.....	304
Stellenbosch Municipality: Subdivision, rezoning and closure.....	305	Stellenbosch Munisipaliteit: Onderverdeling, hersonering en sluiting.....	305
Stellenbosch Municipality: Rezoning, subdivision and amendment or urban structure plan.....	305	Stellenbosch Munisipaliteit: Hersonering, onderverdeling en wysiging van stedelike struktuurplan.....	305
Stellenbosch Municipality: Rezoning and departure .....	306	Stellenbosch Munisipaliteit: Hersonering en afwyking.....	306
Stellenbosch Municipality: Subdivision and rezoning .....	306	Stellenbosch Munisipaliteit: Onderverdeling en hersonering.....	306
Stellenbosch Municipality: Temporary departure.....	306	Stellenbosch Munisipaliteit: Tydelike afwyking.....	306
Stellenbosch Municipality: Rezoning and consent use .....	307	Stellenbosch Munisipaliteit: Hersonering en vergunningsgebruik.....	307
Swartland Municipality: Departure.....	307	Swartland Munisipaliteit: Afwyking .....	307
Swartland Municipality: Subdivision.....	307	Swartland Munisipaliteit: Onderverdeling.....	307
Swartland Municipality: Rezoning and departure .....	308	Swartland Munisipaliteit: Hersonering en afwyking .....	308
Swartland Municipality: Subdivision.....	308	Swartland Munisipaliteit: Onderverdeling.....	308
Swartland Municipality: Amendment to rezoning regulations.....	309	Swartland Munisipaliteit: Wysiging aan hersoneringsvoorwaardes....	309
Swartland Municipality: Subdivision.....	308	Swartland Munisipaliteit: Onderverdeling.....	308
Swellendam Municipality: Consent use.....	310	Swellendam Munisipaliteit: Vergunningsgebruik .....	310
Swellendam Municipality: Consent use.....	310	Swellendam Munisipaliteit: Vergunningsgebruik .....	310
Swellendam Municipality: Lease of municipal property.....	310	Swellendam Munisipaliteit: Verhuur van munisipale eiendom .....	310
Theewaterskloof Municipality: Subdivision .....	311	Theewaterskloof Munisipaliteit: Onderverdeling .....	311
Theewaterskloof Municipality: Rezoning, subdivision and consent use .....	311	Theewaterskloof Munisipaliteit: Hersonering, onderverdeling en vergunningsgebruik .....	311
Theewaterskloof Municipality: Consent use .....	312	Theewaterskloof Munisipaliteit: Vergunningsgebruik .....	312
Theewaterskloof Municipality: Departure .....	312	Theewaterskloof Munisipaliteit: Afwyking .....	312
Theewaterskloof Municipality: Subdivision .....	312	Theewaterskloof Munisipaliteit: Onderverdeling .....	312
Theewaterskloof Municipality: Subdivision and rezoning .....	313	Theewaterskloof Munisipaliteit: Onderverdeling en hersonering ..	313
Theewaterskloof Municipality: Subdivision and consolidation ....	313	Theewaterskloof Munisipaliteit: Onderverdeling en konsolidasie.....	313
Theewaterskloof Municipality: Consent use .....	314	Theewaterskloof Munisipaliteit: Vergunningsgebruik .....	314
Theewaterskloof Municipality: Consent use .....	314	Theewaterskloof Munisipaliteit: Vergunningsgebruik .....	314
Western Cape Provincial Department of Health: General notice .....	315	Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid: Algemene kennisgewing .....	316
Western Cape Gambling and Racing Board: General notice .....	318	Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne: Algemene kennisgewing.....	318
Western Cape Gambling and Racing Board: General notice .....	319	Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne: Algemene kennisgewing.....	319
High Court of South Africa: (Cape of Good Hope Provincial Division): Notice.....	317	Die Hooggeregshof van Suid Afrika: (Kaap van Goeie Hoop Provinsiale Afdeling): Kennisgewing .....	317